## Cornelius en Zorel hou samesprekings oor wonders

**87** Almal val nou weg en eet flink en vrolik; veral RafaEl trek weer sterk die aandag deur `n aantal groot visse te neem en dit wonderlik vinnig te verorber, wat Zorel en Zinka nogal opval; veral Zorel, wat nog glad nie weet wie die jongman is nie. Daarom vra hy aan Cyrenius hoe dit moontlik is dat die jongeling so verskriklik gulsig die grootste visse kan opeet, terwyl hy tog glad nie soos `n veelvraat lyk nie.

[2] Daarop antwoord Cyrenius hom: "Die jongeling is `n wonderbaarlike wese; hy is mens en gees tegelyk, in hom lewe `n krag en `n mag waarvan jy nog nooit gedroom het nie. My broer Cornelius, wat naas jou sit, kan dít beaam!"

[3] Daarop vra Zorel aan Cornelius wat daar dan so besonders met die jongeling aan die gang is.

[4] Cornelius sê: "Kyk, beste Zorel, dit is soos wat my broer dit al vir jou gesê het; meer kan ek jou oor sy wonderbaarlike wese nie vertel nie om die eenvoudige rede dat ek dit, heel eerlik gesê, werklik self nie verstaan nie. Hy moet dieselfde engel wees wat volgens die Judese mite eertyds `n sekere jong Tobias reeds as gids gedien het. (*in die BVH die Boek* ***Tobias***) Daar was ek beslis nie by om jou in hierdie saak as lewende getuie te kan dien nie, maar ek glo dat dit so is - en waarom sou `n mens so iets nie glo nie?!

[5] Hier gebeur opnuut sulke wonderlike dinge wat ons latere nakomelinge moeilik sal glo - en tog is hulle voor ons oë en ore waar, omdat ons dit kan sien en hoor! Daar gebeur nou soveel goddelik wonderbaarliks, dat `n mens uiteindelik wel alles moet glo wat daar ook maar in die Skrifte en boeke van die Judeërs wonderbaarlik vertel word. Want as jy hier gewoonweg met wonders oorlaai word, waarom dan nie ook in die ou tye nie, en so kan ons groot eter baie maklik etlike honderde jare gelede `n vrome, jong Tobias as gids gedien het! Wat my betref, glo ek dit alles nou rotsvas en ek is van mening dat jy ook geen moeite daarmee sal hê nie!"

[6] Zorel sê: "Glad nie; want al die wonderbaarlike is iets besonders en het met die verskynsels op die gebied van die natuurlike niks in gemeen nie. Dit vertrap die bekende wette van die natuur met die voete, en is op sigself die verwesenliking van die fantasie van `n met baie wysheid begaafde digter. Want wat `n fantasieryke mens maar kan bedink, word op die gebied van die wonderbaarlike gerealiseer!

[7] Vir Elohim moet alles immers moontlik wees, omdat die bestaan van `n wêreld en van die sterrehemel deurlopend daarvan getuig! Want as ons die skepping van `n wêreld sou sien, sou dit vir ons tog wel buitengewoon wonderbaarlik voorkom! Maar as daar eenmaal `n wêreld geskape en voorsien is van die betreffende bestaanswette en bevolk met wesens wat onderworpe is aan dieselfde bestaanswette, dan kan dit vir diegene wat dit bewoon, natuurlik nie meer so erg wonderbaarlik voorkom nie!

[8] Maar as, soos in hierdie buitengewone geval, die Skepper van die wêreld na hierdie selfde wonderbaarlik geskape wêreld toe kom, dan moet die bevolking hulleself beslis opnuut buitengewoon begin verbaas wanneer die oue Almagtige voor hulle oë dinge begin doen wat sekerlik slegs vir Hom en verder sonder Sy wil vir niemand in die hele oneindigheid moontlik kan wees nie.

[9] Daarmee wil ek egter glad nie beweer dat die een of ander geestelik volmaakte mens ook nie in staat sal wees om wonderbaarlike dinge te doen nie; miskien sal hy as heeltemal volmaakte, rein gees selfs ook `n kleiner wêreld kon skep - maar sonder medewerking van die goddelike wil sekerlik vir ewig nie! So `n gees sal ook beslis baie wys kan praat en onderrig, maar sonder die goddelike Gees in sy bors ook ewiglik nie!

[10] Ek kan my nog so vaagweg herinner uit die Israelitiese geskiedenis dat daar eens `n esel was wat wyse woorde met `n profeet Bileam gespreek het. Ja, in die heel ou tyd moes selfs die wilde en verskeurende diere die verharde mense lesse gegee het! Om u woorde te gebruik: Ons was daar nie by nie, maar dit kan desondanks tog altyd waarheid bevat. Maar die diere was beslis op daardie oomblik deur Elohim se Gees gegryp en moes Hom as werktuig dien! En nie baie anders en beter sal dit daar met die wysheid van die wysste mense en geeste gaan nie; die eintlike, groot verskil sal slegs daarin bestaan dat hulle wys bly en steeds wyser word!

[11] So dink ek daaroor! Ek wil dit natuurlik nie as `n onomstootlike, versekerde waarheid daargestel het nie - want ek het met my verstandelike oorweginge al eenmaal misgetas en sou so `n sprong om lewe en dood nie graag nog `n keer wil meemaak nie; maar slegs as mense op verstandige wyse oor iets praat, kan `n mens sonder enige bewys tog wel verskillende menings teenoor mekaar stel en uiteindelik daaragter kom of en hoeveel dit waarheid bevat!"

[12] Cornelius sê: "Vriend, jy praat asof dit geskryf staan, en jou beskeie mening bevat sekerlik ook enige waarheid, maar ek het nou nóg `n mening vir jou en dit bestaan daarin dat jy nou jou vis moet eet en nie so baie daarop moet let hoe die hemelse jongeling die een vis na die ander opeet nie en nog steeds `n eetlus vertoon waaraan jy maklik kan sien dat hy in staat sou wees om nog tien sulke visse sonder enige moeite na binne te werk! Eet jy nou ook en laat blyk dat jy ook minstens één vis kan verorber en `n beker goeie, sê maar beste wyn!"

[13] Na hierdie woorde eet en drink ons Zorel nou, in alle rus, flink en bekommer hom nie meer so erg oor alles wat daar rondom ons heen gebeur nie.

## Verskillende menings oor die wese van die Meester

**88** Die wyn begin egter aan die tafels die tonge los te maak en die gesprekke word daardeur al lewendiger en lewendiger. Daar ontstaan selfs verskillende

menings oor My en `n mens sou kon stel dat hier, by die aandete, **`n eerste skeuring in die kerk plaasvind**. Sommiges beweer dat Ek direk die allerhoogste, goddelike wese is, ander sê egter dat Ek dit nie direk is nie, maar indirek. Ander sê weer dat Ek eintlik slegs volgens afkoms `n seun van Dawid is en voorbestem is tot Messias van die ryk van Dawid en daarom met die wonderkrag van Dawid en die wysheid van Salomo toegerus is. Nog ander meen dat Ek as een van die hoogste engele uit die hemele nou pro forma liggaamlik op aarde is en nog `n adjudant uit die hemele by My het.

[2] `n Deel, waarby selfs `n aantal van My apostels hulle aansluit, beskou My as die Seun van die Allerhoogste. Ek sou weliswaar dieselfde eienskappe hê as My Vader, maar tog `n heeltemal ander persoonlikheid wees, en so sou ook die dikwels genoemde Gees van Elohim uiteindelik selfs `n derde persoonlikheid kon wees, wat in bepaalde gevalle heeltemal sy eie sê gehad het!

[3] Heel weinig was egter met hierdie mening eens. Iemand vra aan Petrus wat sy mening was.

[4] Maar Petrus sê: "Hy, die Meester Self, het ons toe ons in hierdie streek rondgetrek het, gevra wat die mense van Hom dink wie Hy is, en uiteindelik wat ons self van Hom dink. Toe word daar ook die een en ander beweer en toe ek uiteindelik gevra word, sê ek ook ronduit, soos wat ek dit in my hart gevoel het: 'U is die Seun van die Allerhoogste!' En Hy stem heeltemal in met daardie getuienis van my en noem my selfs `n rots van geloof waarop Hy Sy gemeente sou bou, wat nie weer deur die poorte van die hel oorwin sou word nie. Daarmee was my toe-uitgesproke mening dus deur Homself goedgekeur en bevestig en dus doen ek nie verkeerd as ek soos `n rots daaraan vashou nie!"

[5] Maar Johannes het tog belangrike besware teen hierdie opvatting van Petrus en sê: "In Hom woon Elohim se volheid in liggaamlike vorm! As die Seun, wat egter geen ander persoonlikheid is en kan wees nie, sien ek Sy liggaam slegs in soverre dit `n middel tot die doel is; maar as geheel is Hy ewenwel identies met die Godheid wat in alle volheid in Hom woon!

[6] Of is my liggaam dalk `n ander persoonlikheid as my siel? Is hulle saam nie een mens nie, alhoewel my siel ten aanvang van my bestaan hierdie liggaam eers vir haar moes vorm sodat `n mens gepas sou kon sê: Die siel het `n tweede, liggaamlike mens oor haar heengetrek en sodoende `n tweede persoonlikheid om haar heen gevorm? `n Mens kan wel sê dat die liggaam `n seun is, of iets wat deur die siel gevorm is, maar daarom vorm dit daarmee, of selfs alléén, geen tweede persoonlikheid nie! En nog minder kan `n mens dit van die gees in die siel sê; want wat sou dan `n siel sonder die goddelike Gees in haar wees? Sy word tog eers `n volledige mens, as sy heeltemal deurdronge is van die gees! Dan is gees, siel en liggaam immers volkome één en dieselfde persoonlikheid!

[7] Bowendien staan daar geskryf: 'Elohim skep die mense geheel-en-al na Sy ewebeeld.' Maar as die mens as volkome ewebeeld van Elohim, met sy gees, sy siel en sy liggaam slegs een mens is en nie drie nie, dan sal Elohim tog seker as die volmaakte Oergees omgewe wees met `n ewe-eens volmaakte siel en nou ook vir ons oë sigbaar met `n liggaam, ook slegs een Elohim en ewiglik nooit `n drievoudige Elohim nie, uiteindelik selfs nog in drie afsonderlike persone, wees nie! - Dit is my mening, wat ek ewig behou sonder om daardeur `n rots in die geloof te wil wees!"

[8] Toe sê almal aan My tafel: "Johannes het reg gepraat!"

[9] Om dié rede wil Petrus sy woorde egter regstel en sê: "Ja, so bedoel ek dit tog ook; ek is net nie welsprekend genoeg om my innerlike begrip so vinnig onder woorde te bring nie, hoewel hierdie saak altyd bietjie moeilik te verstane sal wees!”

[10] Johannes sê: "Moeilik, en ook weer nie moeilik nie! Op jou manier sal geen mens gewis op hierdie aarde dit ooit verstaan nie - op my manier, dink ek, sal dit baie maklik gaan! Die Meester alleen moet nou maar tussen ons twee die regte skeidsregter wees!"

[11] Ek sê: "Die geloof kan baie, maar die liefde kan alles! Jy, Simon Juda, (Petrus) is wel `n rots in die geloof; maar Johannes is `n suiwer diamant in die liefde, en daarom gaan sy insig ook dieper as by enige iemand anders van julle. Hy is daarom ook My eintlike lieflingskrywer; hy sal baie oor My te skryf kry wat vir julle almal nog `n raaisel sal wees! Want in so `n liefde is ruimte vir baie dinge, die geloof beperk hom egter maar net tot iets bepaald, omdat daar staan: 'Tot hiertoe en dan nie meer verder nie!' Hou julle maar by die uitspraak van My liefling; want hy sal My volmaak aan die wêreld oordra!"

[12] Daarop word Petrus `n bietjie verleë en diep in sy binneste steeds ietwat jaloers op Johannes. Dit is ook die rede waarom Petrus hom na My opstanding, toe Ek vir hom gesê het dat hy My moes volg en My lammers moes laat wei, hom vererg het, omdat Johannes My sonder dat Ek dit gevra het ook volg, waarom Ek Petrus toe, soos bekend, tereggewys het en waarby Ek Johannes ook volledige onsterflikheid beloof het- waardeur die sage onder die volk ontstaan het dat hierdie leerling nooit, selfs nie liggaamlik, sou sterwe nie.

[13] En Petrus vra Johannes hoe dit gebeur dat hy steeds `n baie dieper insig en besef aan die dag lê as hy wat Petrus is.

[14] Maar Johannes sê: "Kyk, ek woon nie in jou hart en jy nie in myne nie, en ek het geen maatstaf daarvoor om te kan vasstel om welke redes my mening suiwerder en beter is nie! Maar omdat die Meester Self ons nou hardop gewys het op die verskil tussen geloof en liefde, moet jy dit as antwoord op jou vraag aanvaar! Want alleen die Meester kan niere en harte ondersoek en dus sal Hy ook gewis haarfyn weet watter verskil daar tussen ons harte bestaan."

[15] Met hierdie antwoord was Petrus voorlopig ook tevrede en hy vra nie verder nie. Die maaltyd was nou egter ook beëindig en ons staan op en gaan almal die berg op.